LANDBOUWEEKBLAD
16 Dec 2011, p.12

Jean du Preez jdupreez@landbou.com

Van muishond tot reddingsboei

Hoekom word die jammerlik afgeskeepte landbousektor nou in die Nasionale Beplanningskommissie se Ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika as 'n reddingsboei vir werkskepping beskou? Ons vertel wat agter die skerms gebeur het.

Hy verkies om buite die kalklig te bly en sê dit is nie deur sý toedoen dat die landbou vir die eerste keer in 17 jaar uit die spreekwoordelike woestyn begin opstaan nie. Tog word prof. Mohammad Karaan grootliks beskou as die man wat die Nasionale Beplanningskommissie (NBK) se denke oor boere se rol in die ekonomie geswaai het.

Dis die week nadat min. Trevor Manuel die kommissie se Ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika bekend gestel het, en in sy dekaanskantoor by die Matie-landboufakulteit vertel MK, soos hy wyd bekend staan, geesdriftig hoe die landbou toegetree het as een van Suid-Afrika se groot reddingsboeie vir die volgende 30 jaar.

"Toe ek by die kommissie kom, kon ek sien die ouens – almal van hulle, met die uitsondering van miskien twee – dink nie die landbou is deel van die toekoms van die land nie. Toe moes ek gaan sit en dink hoe gaan ek hulle oorgeswaai kry.

"My eie mening was altyd dat 'n samelewing wat die landbou afskeep, mettertyd agteruitgaan. Die meeste mense glo dit egter nie, want hulle ervaar die landbou, soos die Engelse gesê het, as 'the idiocy of rural life', dit wil sê agterlik."

Wêreldgebeure was egter aan sy kant. Die Regering se nuwe groeiplanne is toe pas gepubliseer, die sogenoemde Arabiese lente het momentum begin kry, "en toe Egipte val, toe's die hele wêreld se bui soort van: Ons het te min vir die jong mense gedoen.

Werkskepping

"Dit het my die wenk gegee als gaan oor werkskepping; die sektore wat belangrik gaan wees, gaan dié wees wat werk kan skep. Toe stel ons die BFAP (die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid) aan om te gaan vasstel wat die landbou se potensiaal is om werk te skep.

"Maar hy gooi dit tans af – en dis hoe die mense daarna kyk. Selfs Trevor (Manuel) se uitgangspunt was, man, julle skep nie werk nie, julle het jul werkerskorps gehalveer. Toe doen ons daardie ordentlike ondersoek, ons het imbizo's gehou, die bedrywe bymekaar gekry, en almal gevra wat is jul werkskeppingspotensiaal. En dít is wat in die verslag opgesom word."

Hy skuif vorentoe, tik met die wysvinger op die groot lessenaar, en sê dáárdie verslag het die NBK se erns gewen. Want dit sê die landbousektor kan sy werkerskorps tot meer as 'n miljoen verdubbel. "Toe ons dit op die tafel sit, toe kyk die ouens anders na die storie."

Die BFAP-verslag toon die landbou kan sy werkerskorps tot meer as 'n miljoen verdubbel.

Die groot plan sê Suid-Afrika moet teen 2030 altesame 11 miljoen werkgeleenthede skep. Enige bedryf wat dus met 10% daarvan kan kom, is skielik belangrik. "En dis hoe ek die ding daar ingedra het, dis hoekom die landbou in die plan kan figureer."

Ja, maar dis darem nie net vir sê nie, het julle die hoe, wat en waar vir Manuel-hulle gegee, wil ek van hom weet?

Hy glimlag skalks. "Dit was nogal belangrik om seker te maak dat jy nie die kommersiële sektor as lokomotief voorhou nie, omdat dit paternalisties oorkom. En polities gaan jy die ding nie verkoop nie.

"Wat ek toe gedoen het, ek het eers na die ontwikkelingsektor gegaan en vasgestel hoeveel werk kan 'n mens daar skep, want dis waar dit tel. En die helfte van die werkgeleenthede lê daar. Ons het gewys van '94 tot nou het die staat die ou tuislande agterweë gelaat, hulle doen baie min daar. Die verslag wys ook baie duidelik dat die tuislande net 'n welsynstaat geword het, 90% van die mense daar lewe van toelaes. Jy moet dus iets daar aan die gang kry.

Prof. Mohammad Karaan, die dryfveer agter die plan wat die landbou as een van die oplossings vir die land se probleme voorstel.

"Ons is steeds 'n land waar 50% van die mense plattelands is, en wat doen jy op die platteland? Dis maar die landbou.

Tuislande

"Ons het dus bewys hy het potensiaal, nou kan ons bewys hy kan mense van welsyn af wegvat. En logies begin jy by die tuislande, want die helfte van die werkgeleenthede gaan daar lê."

Maar dan moet jy eerstens die grondbesit gaan regmaak, benadruk hy, mense sit nie

VOORSTEL

Sal boere aan dié grondplan byt?

Een van prof. Mohammad Karaan se meer omstrede voorstelle draai om grondhervorming. Sy 20/50-grondplan het wenkbroue laat lig, maar hy soek juis waagmoedige voorstelle.

In die ontwikkelingsplan word voorgestel dat 20% van die grond in elke distrik geïdentifiseer moet word vir grondhervorming, dat die staat 50% tot die koopprys bydra en die boere die res - om vir ewig verlos te word van die onsekerheid wat oor hul koppe hang.

Dis 'n omstrede voorstel, Mohammad, pols ek hom, boere frons daaroor.

"Ek weet die boere hou nie daarvan nie, want elkeen glo in sy kop hy gee iets prys waarteen die Grondwet hom beskerm. Dis 'n bietjie *double jeopardy*. Ek sal met hulle saamstem dat ingevolge die Grondwet kan jy nie onteien word nie, en die koste van die verlede is reeds betaal.

"Maar in die hele sentiment van die samelewing en hoe hierdie nuwe beleid geskryf word, gaan alles om verby daardie punt te kom en te sê, maar hier is 'n koste om te betaal. Anders gaan hulle moet onteien. En dis waar die hele ding vasval, dis waar die wantroue na vore kom.

"Toe dink ek, miskien moet die ouens dan nou nie 50% van die geld gee nie, want dit gaan nie lekker sit nie. Wat jy wel kan doen, jy kan mos nou na die Land Bank gaan en sê oukei, die Departement van Grondsake gee die helfte van die geld om die plase te koop, hoekom reik julle nie effekte (bonds) uit nie. Die Land Bank het sulke instrumente. Gee vir die landbousektor die geleentheid om dit te koop."

Ek vra hom om te verduidelik hoe dit prakties kan werk.

"Sê nou maar Kaap Agri gaan en sê vir die Land Bank, ek koop R10 miljoen se effekte by jou, op voorwaarde dat dit 10 jaar van nou af verstryk, en dan gee jy my R10 miljoen terug, plus bv. 4% rente."

Die Land Bank kon die geld op die kapitaalmarkte gaan leen, wat hom ook maar 4% sou gekos het, maar nou kry hy die geld by die boere, en niemand is beter of slegter af nie. Die Landboubesighede, boere of korporatiewe plase wat daardie effekte gekoop het, kry uiteindelik die geld terug, hulle leen basies die geld (vir grondhervorming). Maar in die proses kry die mense SEB-status en word hulle kwytgeskeld van grondhervorming, verduidelik hy.

Die ding is nie in beton gegiet nie, lei ek af uit dié opmerkings: "Ek gaan hierdie ding nog baie verfyn, ek wil 'n bankier inkry om dit saam met die Land Bank te ontwikkel, maar dit kan die ding versag."

En dis ewe duidelik hy probeer die boodskap tuisbring dat die staat se huidige planne nie die antwoord is nie, die landbousektor self sal moet help dink.

"Trevor (Manuel) soek juis waagmoedige planne," sê hy nadenkend.

geld in grond as dit nie veilig is nie.

Eiendomsreg in die kommunale gebiede? Hoe gaan hy daai tameletjie ontrafel, val ek hom in die rede.

Wat gebeur het, is so verbasend, mense wat ek selfs nie verwag het nie, het vir die platteland begin veg.

"Ons het gesê ons moet met die tradisionele owerhede onderhandel, ons glo hulle wil graag produksie daar aan die gang kry; dat dit belangriker is as om net die grond te besit. Jy hoef nie grondbesit af te staan of grond te privatiseer nie, ons dink nie dis die antwoord daar nie. Ons sê jy moet net seker maak dat jy sekerheid van verblyfreg of besit het. Dis hoekom mense gaan produseer in Mosambiek sonder dat hulle die grond besit, hulle weet vir 33 jaar of vir 99 jaar het hulle die gebruiksreg van die grond.

"Ek dink ons moet aanvaar dat kommunale besit altyd daar gaan wees; ons moet net reëls opstel om die besit reg te kry, ons moet hom net 'n bietjie moderniseer."

Maar toe boor hulle nog verder op die tuislande in – polities slim daarby.

"Ons het twee dele van die land baie pertinent uitgelig: Die Makhathini-vlakte, en die Umzimvubu-vallei. Want dis die twee plekke waar die grond, klimaat en water onderbenut word. Met die Jozini-dam en Umzimvubu raak jy natuurlik ook die twee sterkste politieke punte van die land aan, die een is KwaZulu-Natal, die ander is die Oos-Kaap. "As jy dit kan verkoop, het jy die landbou se saak al verkoop, dan kan jy na die kommersiële sektor gaan.

"Daaroor het ons gesê, goed, ons kan produksie uitbrei as ons markte kan uitbrei. Waar en met watter produkte, met watter bedrywe is dit nog moontlik, en kan dit arbeidsintensief wees? Ons het hulle almal by die naam genoem, en omdat dit uitvoerbedrywe is, kan jy die waardeketting daarom ontwikkel. Dit was die tweede fokus.

"Die derde een is: Belê in besproeiing en waterbesparing.

Politieke wil

"Die helfte van die *jobs* lê dus in die kommersiële sektor. Jy moet dié sektor ook steun, jy moet hom kry om ook die ontwikkelende sektor te steun, sodat daar meer skakeling en waardeketting-ondersteuning tussen wit en swart boere kan wees."

Nou goed, alles klink mooi en indrukwekkend, maar die groot vraag, is of die politieke wil daar is om dit deur te voer? ▶

◄ "Ek dink regtig so. Wat by die kommissie gebeur het, is verbasend, mense wat ek selfs nie verwag het nie, het vir die platteland begin veg."

Hy noem hulle op, tel die name op sy vingerpunte af, groot name ... Carl van Holt, ekonoom van Cosatu, Vivian Taylor, professor in sosiale wetenskappe by Ikeys, Bobby Godsell, Mike Muller, voormalige DG van Waterwese, Vuyo Mahlati, voorsitter van die Poskantoor.

"Dit het lank gevat om daar te kom dat die landbou die enjin van die platteland moet wees. Ek dink logika het ons daarby uitgebring. Die ware toets gaan wees of hulle (die Regering) die bronne beskikbaar gaan maak, maar dit is in der waarheid klaar beskikbaar, byvoorbeeld die groot fonds van die NOK, die Land Bank."

Maar dan is die volgende hekkie die staat se vermoë om die plan te laat werk, nie waar nie? vra ek hom.

"Dis 'n kwaai probleem, ons het 'n hele hoofstuk oor die staatsdiens se vermoë. Wanneer jy politieke inmenging kry in die aanstelling van senior staatsamptenare, dan gee jy soms meriete prys. En die landbou het vir seker daardie probleem.

"Die landbou kan nog doen met 'n vlak van mense wat onopgelei is. Die groot vraag is, is die topmense in die departement goed genoeg opgelei in die landbou, en sien hulle 'n langtermyn-rol in die staatsdiens? Want die ouens wat nou daar is, was nie 10 jaar terug daar nie.

Brei produksie uit met besproeiing en waterbesparing.

"Te min is besig om daar te dien, soos die Attie Swartse en Rodney Dredges van die wêreld, mense wat vir 'n leeftyd daar gewerk het. Daar is baie jong *fly by nights*, maar dit kan net reggemaak word as jy 'n topvlak kry wat professionele staatsamptenare is.

"Ons lig dit uit en sê dit moet aandag kry, ons moet die regte aanstellings maak sonder politieke inmenging."

Hoe pas sy ander baba in die prentjie – die te stigte landbouforum wat as een spreekbuis vir die landbou moet optree?

"Handskoen," sê hy. "Ek is nie verbaas dat dit so maklik gaan nie, want hulle het dit almal nodig, hulle het iets nuuts gestig en nog elkeen sy identiteit behou. Effe teenstrydig, maar dis vordering. Ek dink dus daar is nog 'n bietjie werk wat gedoen moet word. Terwyl ons net duidelik is oor wat die twee volgende stappies vorentoe is, moet ons die optimisme net volhou ..."

Toe ons klaar gepraat het, is dit reeds skuins voor ses. Sy sekretaresse is al huis toe, buite is die Matie-kampus stil – dis middel November, eksamentyd.

Hy stap saam na die portaal om die swaar, historiese fakulteitsdeur oop te sluit. Met sy tipiese ouwêreldse hoflikheid gee hy 'n effense buiginkie toe ons groet. Dan vra ek hom op die ingewing van die oomblik of hy die pos sal aanvaar as hulle hom versoek om landbouminister te word.

Hy glimlag. "Ou Jean, ek het jou mos al geantwoord ..."

Maar die prentjie bly in my kop steek: Ek sien hom glimlaggend in die halfoop deur staan, die historiese deurknop in sy palm, hierdie deur waardeur van Suid-Afrika se grootste landbouname al gestap het ...